BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# SALOMO SE MOOISTE LIED

# Deel 5 – Groei in Liefde

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie. Ons gee vir jou meer vrae as wat julle dalk kan hanteer, maar die groepleier kan leiding gee oor watter vrae julle gaan hanteer.

- **Wat is iets wat jy geniet het om te doen as kind wat jy nie meer geniet nie of nie meer doen as volwassene?**
- **Wat is iets wat jy geniet om te doen as volwassene, maar nie geniet het as kind nie?**
- **Dink jy om te groei in liefde beteken dat dit nie meer so opwindend is soos aan die begin van die verhouding nie? Verduidelik jou gedagtes.**

---

---

---

**Lees deur die volgende verse en beantwoord die volgende vrae:**

**Hooglied 7**

- **Watter gevolg is daar as die persone in 'n verhouding na jare lui en onbuigsaam word om nuwe dinge te probeer of nie dieselfde moeite daarin sit as aan die begin nie?**
- **In die preek is 4 beginsels genoem: *1) Koester en Strewe; 2) Prioriteit; 3) Vennootskap; en 4) Reinheid.* Watter een het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**
- **Aan watter beginsel dink jy moet jy werk? Wat kan jy hierdie week probeer. Verduidelik.**
- **Wat dink jy is die simptome as hierdie beginsels nie mooi in balans is of toegepas word in 'n verhouding nie?**

**Efesiërs 4:29; Handelinge 15:32; 2 Korintiërs 1:4; 1 Tessalonisense 5:11**

- **Hoekom is woorde en bemoediging so belangrik in verhoudings?**
- **Is dit vir jou maklik om mense te bemoedig of moet jy meer intensioneel daaroor wees? Verduidelik.**
- **Dink jy daar is 'n verskil hoe mans en vrouens bemoedig wil word of bemoediging ervaar?**
- **Wat kan jy hierdie week doen om die mense met wie jy verhoudings het te bemoedig en te versterk in die Here?**

**Galasiërs 6:2**

- **Watter onvervulde behoeftes ervaar jy op die oomblik in jou verhoudings?**
- **Het jy al met die ander persoon daaroor gepraat? Hoe kan jy dit hierdie week benader?**

**Filippense 3:2-8; Johannes 13:34-35**

- **Wat dink jy is die verskil tussen eenvormigheid en eensgesindheid? Watter een is belangrik in verhoudings?**
- **Hoekom is ons geneig om net aan ons eie behoeftes te dink? Wat is die gevaar as ons dit in verhoudings konstant doen?**
- **Hoe kan ons liefhê soos Jesus en dieselfde gesindheid as Hy hê in ons verhoudings met ander?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**